NUUS UIT DIE OOS / SUID KAAP

ARBEID

Die aankondiging deur die EAV gedurende Februarie 2008 dat die lang uitgerekte onderhandelings met SAEWA uiteindelik tot die sluiting van 'n 3 jaar loonooreenkoms gelei het is met optimisme in die streek begroet.

Aan die een kant was daar die Agentskaps fooi (ASF) wat soos 'n swaard oor werkgewers se koppe gehang het, en aanleiding gegee het tot groot ongelukkigheid onder werkers. Baie lede het die ASF uit hul eie sakke betaal om die vrede te bewaar en die aankondiging dat hierdie bepaling (vir eens en vir altyd?) uit die ooreenkoms sal verdwyn is inderdaad goeie nuus.

Minder goeie nuus vir hierdie streek is dat SAEWA nou blykbaar gaan voortgaan met aksies om 'n eenvormige loonstruktuur vir alle werkers in die bedryf oor 'n tydperk van 4/5 jaar in werking te stel.

Die EAV / SAEWA het inderdaad reeds in 2005 in beginsel ooreengekom om dieselfde loon vir dieselfde werk op 'n nasionale basis in te faseer maar dit het destyds nie plaasgevind nie.

Nou wil SAEWA hierdie Ooreenkoms in werking stel.

Lede is per sirkulêre ingelig oor verhogings wat op 1 Februarie 2008 van krag is. Hou asseblief in gedagte dat die Straatkoerant, wat die verhogings verpligtend maak, nog nie deur die minister gepubliseer is nie, en gevolglik beveel die EAV aan dat lede maar die verhogings gee, in afwagting van die publiksasie van die Staatskoerant.

Bel gerus ons kantore in Oos Londen of Port Elizabeth indien u meer inligting nodig het oor hierdie saak.

OPLEIDING

Die dispuut tussen EAV/ESETA oor die toekenning van 'n verdere Leerlingskap Kontrak (Learnership Contract) is steeds nie bygelê nie. Die vorige kontrak het reeds op 31 Maart 2007 verstryk maar sedertdien kon die partye nog nie ooreenkom oor die voorwaardes van 'n nuwe kontrak nie.

Dit hou ernstige implikasies en nadelige gevolge in vir leerders wat hul leerlingskapkontrakte begin het maar weens die dispuut nie verdere praktiese opleiding kan ontvang nie, tensy werkgewers bereid sal wees om self vir sodanige opleiding te betaal.

Lede moet asseblief kennis neem dat die EAV deeglik bewus is van die ongerief en frustasie wat werkgewers, leerders, hul ouers asook ons diensverskaffers verduur.

Die hernuwing van die kontrak is 'n sensitieve aangeleentheid en die EAV probeer om die saak so spoedig as moontlik namens al die betrokke partye reg te stel.

EDTF HEFFINGS

Die EAV het tydens die November 2007 NUK vergadering in Johannesburg besluit om 'n aparte Fonds vir die opleiding van werkers daar te stel.

Tans kom slegs lede wat SDF heffings aan die Ontvanger van Inkomste betaal, in aanmerking vir ESETA subsidies. Die EDTF heffings, wat vanaf 1 Januarie 2008 slegs deur EAV lede betaalbaar is, verskaf nou aan lede finansiele bystand wanneer hulle opleiding aan werkers verskaf.

Die EAV opleidingskomitee vergader op 4 Maart 2008 in Johannesburg en meer inligting oor presies watter opleiding sal kwalifiseer vir bystand sal binnekort aan lede verskaf word.

VERGADERINGS

Lede moet asseblief kennis neem van die volgende datums van ledevergaderings in hul takke:-

Oos Londen – Woensdag 5 Maart 2008

Port Elizabeth – Donderdag 13 Maart 2008

George – Dinsdag 18 Maart 2008